

Waar lê ons hulp

Ek kan dadelik begin om te sê: Maar ons hulp lê by VADER in SY Seun YAH wat ons tans ken as YAHUSHA. Nou kan ek ook sê: Ja dit is wat my verstand dadelik vir my deurgee, maar onmiddellik kom vrae op wat geantwoord moet word soos:

- a) Stem die hele volk saam?
- b) Ken die hele volk VADER en dat HY 'n Seun het?
- c) Is die hele volk vreesloos?
- d) Ken die hele volk hulle geskiedenis?
- e) Wil die hele volk afsonder of bring hulle alle volke saam?
- f) Ken die hele volk hulle identiteit?
- g) Weet die hele volk wie hulle vyand is?
- h) Is die hele volk al gereed om voor VADER te kan verskyn?

Ons as die Boerevolk het 'n billike fondasie, maar bou die volk daarop? Met al die vrae kom 'n mens agter dat ons volk ver tekortskiet. Daar is wel individue wat ons 'moontlik' kan uitwys as manne wat die regte 'geraas' maak, maar is dit wat VADER wil hê? Ek laat eers al die vrae daar, want bo en behalwe is daar nog baie vrae wat geopper kan word. Kom ons identifiseer ons probleem en ons uitkoms.

Ons grondslag en fondasie lê dit by die voortrekkers van ouds. Vreesloos en geharde manne met hul vroue het hulle die wilde en vreemde getem vir hulleself en vir hul nageslag. Baie bloed het gevloei en dus die grondgebied gekoop waarop ons vandag op woon. Hulle het nie die land gesteel of gebedel nie, maar hard gewerk om dit te bekom.

Na die regverdiglike stryd om die Suidelike punt van Afrika te tem en hulle eiendom te maak sodat hulle 'en hul nageslag' kon voort gaan as 'n "Boer" in /met boerdery. Ons weet dat na die swart en inboorlinge oorloë het die Boer se stryd oorgegaan na die geldvrates van die wêreld. Hulle wat goud en diamant kom soek het op die Boer se bloedgrond.

Die Boer het intussen voort gewoek terwyl Engeland die land kom opvreet het. Die Boere het die land met al hulle manewales ontwikkel en 'n sterk land met landbou en ekonomiese krag op die been gebring.

Bo en behalwe het die Boer ook saam met die geldvrates die 'industrie' betree en so die wêreld verbaas met ons kundigheid. Met al die vlakke van ontwikkeling het die Boer se 'tegniese' kundigheid baie lande uitgestof. Al die boonste ontwikkeling het die Boer bekend geword oor die wêreld en soort van 'n bedreiging vir die geldvrates geword.

Die geldvrates het toe die Boere geïnfiltreer met organisasies soos die “Broederbond” en die “Vrymesselaars”. Hulle het op alle vlakke toegeslaan waarvan kerke met hul prediker, diaken en hul ouderling gewerk het vir die teenparty. Ja hulle het van die staatspresident deur tot al sy ministers; Polisie; Skole; universiteite; geïnfiltreer (*Die regering van die dag*). Nadat hulle die banke geannekseer het was dit vir hulle maklik om die land van die Boer hulle sin te maak (*Die wat nog glo dat Suid Afrika die Boer / A.N.C. sin is maak ‘n groot fout, want die land behoort nog al die pad aan Engeland wat deur die Nederlanders aan hulle verkoop was in die 1700*). Die Skrif sê dat dier en die voëls sal ons kom opvreet; Eers sal die voëls ons kom opvreet en dan sal die dier op ons oornag (*Al ons goud en diamante verorber hulle en dit sien en beleef ons tans in Suid Afrika*) Jes.18; Eseg.32;38;39.

Met die agtergrond gaan ek nou voort met “Waar lê die Boer se hulp”.

Kom ons begin met “ontwaking” Ek wys 5 stadiums van ontwaking uit: (1) Ontkenning (2) Kwaad word (3) Onderhandeling (4) Depressie (5) Aanvaarding

1.) Ontkenning: Eers begin ‘n volk om nie te wil hoor van hulle voorouers se doen en late nie, want dit gaan die ander volke wat tussen hulle bly ontstel. Hulle wil ook nie uitwys dat hulle anders is as die wat tussen hulle bly nie. Dus wil hulle nie hulself laat identifiseer as ‘n aparte volk nie; Hulle wil geen vla buite die gesamentlike vlag geassosieer word nie; Geen liedere as die gesamentlike liedere nie. Hulle wil geen skuldgevoel laat ontwikkel wat kan lei tot konflik nie.

2.) Kwaad word: Nadat die volk die ontkenningsvlak deurgestaan het, en sien dat hulle gruwelik gefouteer het, gaan hulle oor tot kwaad word. Hulle protesteer en dreig om oorlog te maak. Dit is die een optog tot ‘n volgende om sodoende hulle misnoë deur te gee.

3.) Onderhandeling: Met die roering en dreigemente onder die volke in die land ‘dwing’ hulle hulself tot onderhandeling sodat daar ‘n oplossing voor ‘n dag moet kom. Hulle hardloop van bak-poort tot stuur-poort om hulp. As hulle nie ‘n satisfaksie of plaaslike hulp kry nie hardloop hulle na die buite wêreld vir hulp. As die wêreld nie belangstel om in te tree nie gaan die land se volk oor in vrees.

4.) Depressie: As die volk alle pogings aangewend het en nou in vrees leef gaan hulle oor in depressie. Depressie verdeel die volk in drie groepe : Vreesagtige, Verwerping en Vreeslose. Die vreesagtige vlug uit die land en gaan soek ander heenkome; Die verwerpingsgroep gooi al hulle integriteit en menswees oorboord en sluit maar aan by die regering van die dag; Die vreeslose gaan en versteek hulleself en maak gereed om oor te gaan in oorlog.

5.) Aanvaarding: Die laaste stap vir die verdrukke volk is “ontwaking” en om sy situasie te aanvaar en daarbenewens oor te gaan in handeling. Hulle keuses is min en dus moet hulle hulself begin voorberei ! Hulle moet op eie boesem slaan en besef wat en waarvandaan die hele petalje af kom en waarna dit stuur.

5a.) Besef dat die oorloë van die verlede (swart volkere) reeds gewen was

5b.) Besef dat die oorloë van die Engelsman steeds sluimerend is

5c.) Besef dat die fondasie reeds daar lê vir ons as die Boer net om op te bou

Nou wat baie belangrik is vir die Boer wat aanvaar en wil voorberei vir die dag van more moet die volgende besef: Ons moet ons sien as “Voortrekkers” in die sin van hulle onverskrokkenheid en opregtheid teenoor hulle Skepper; Hulle uithouvermoë en patriotisme. Tog moet ons nie onself so vereenselwig dat ons vasgevang is in die verre verlede nie, maar wel leer van hulle foute wat hulle begaan het soos:

a) Glo niemand nie, maar luister tog

b) Luister na almal, maar volg niemand nie

c) Onderhandel nie oor geloof

d) Onderhandel nie oor volkse eie nie

e) Onderhandel nie oor grondgebied nie

f) Smeek niemand vir vryheid of heerskappy nie

Ek gaan voort om uit te wys waar ons hulp lê.

In Open. 2:24 Lees ons:

En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre (Suid Afrika) is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Dus het ons ‘n opdrag ontvang wat baie nie van weet nie!

Open. 2:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.

Om Ha satan se dieptes te ondersoek gaan boeke vol wees wat gelees moet word deur elke leerling van ons Koning, maar vir die traktaat kyk ons na enkele oplossings.

Eerstens moet daar gekyk word na “identifikasies”

- a.) Identifiseer jouself en jou mense. Vereenselwig julle geskiedenis sodat die verlede en die toekomstige altyd daar gestel kan wees en bly.
- b.) Identifiseer jou vyand; Wie is jou vyand buite Ha satan. M.a.w. ‘n volgende wese voor jou aangesig? Ken jy jou vyand se verlede? Weet jy waar hy vandaan kom? Wat is jou vyand se toekomsplanne? Waarmee is jou vyand besig? Waarheen is hulle op pad? Wat is werklik hulle doel?

Tweedens kyk waar jou vyand se krag lê:

- a.) Tans alle volke se krag lê in hul finansiële vermoë
- b.) Hulle politiek heerskappy en ekonomiese krag
- c.) Hulle sosiale vermoë en oorheersing oor die media

Al die vermoë en kragte gaan gewoonlik oor vraatsugtigheid en onuitputlike satisfaksie.

Ek kom nou met ‘n samevatting wat baie gaan skok, maar tog nodig is:

Wie is jou vyand het ek gevra? Wel jou vyand is en lyk soos ‘n mede Boere broer. Dit is nie die swartvolke rondom ons nie Matt.13:28,29. Dit is nie voorvadergees aanbidders nie, maar afgode aanbidders *Neh. 5:9 Verder het ek gesê: Dit is nie goed wat julle doen nie. Moet julle nie in die vrees van onse ~~God~~ Skepper wandel ter wille van die smaad van die heidene, ons vyande, nie?*

Hoor julle wie die vyand is? Kom ons lees in 1Joh.2:18 – 23

:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Anti Nasaréner wat in die plek van dié Nasaréner kom, bestaan daar ook nou baie anti Nasaréners (strydendes), waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.:19 Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.:20 En julle het die salwing van die ~~Heilige~~ Reine gees en weet alles.:21 Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat ~~Jesus~~ YAHUSHA die ~~Christus~~ Nasaréner is? Dit is die Anti Nasaréner (strydende) wat die VADER en die Seun loën.:23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die VADER nie.

In die gelese verse lê die antwoord waarna ons gesoek het vir Suid Afrika. Reg nou kan ons noem dat ons vyand nie die swartvolke rondom ons is nie, maar wel die wat ontken dat daar ‘n VADER en Seun is en dat Sy Naam YAHUSHA is.

Nie “J*sus Christus” nie, maar “**YAHUSHA dié Nasaréner**”. Die volk roep soos die volk geroep het op die berg Karmel toe Elia vir hulle genoem het dat hulle tot hulle god moes roep. Die Boerevolk kan roep tot hulle ‘J*sus’ (*tot hulle blou word*) en hulle sal nie gehelp word nie. Ons kan ook noem dat die heiden ons vyand is, want bo en behalwe die Naam en ontkenning dat daar ‘n VADER en Seun is, aanbid hulle baie beelde soos onder andere die moeder Maria en die kind.

‘n Volgende groot vyand van die volk het ek kort, kort aangehaal bo en dit is “vrees”. Mense in vrees lê straf in! *1Joh. 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.*

As die Boerevolk nie weer vreesloos word soos die Voortrekkers van ouds nie sal hulle land nie weer herstel word nie.

Ek sluit met die antwoord op die vraag “Waar lê ons hulp”

1) Ons hulp lê in dié Naam van VADER (*Ps. 124:8 Ons hulp is in die Naam van ~~die HERE~~ VADER wat hemel en aarde gemaak het. Jes. 48:1 Hoor dit, huis van Jakob wat julleself noem met die naam van ~~Israel~~ Yashar’EL en uit die waters van Juda voortgekom het, wat sweer by die Naam van ~~die HERE~~ VADER en die ~~God~~ Skepper van ~~Israel~~ Yashar’EL roem, maar nie in waarheid of in geregtigheid nie — Miga. 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van ~~die HERE~~ VADER onse ~~God~~ Skepper vir ewig en altoos. Sef. 3:12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly ‘n ellendige en geringe volk wat by die Naam van ~~die HERE~~ VADER skuiling soek.*) Nie “J*sus Christus” nie, maar “YAHUSHA dié Nasaréner” Die Naam behoort aan VADER en HY het dit aan SY Seun gegee, ‘n volgende Wese soos ‘n aardse pa sy naam aan sy seun sou gee.

2) Ons hulp lê om vreesloos te wees (*Open.2:10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee*). Kom ons kom uit die “vrees” strafgerug! Hou op om ander vreesagtig te maak.

3) Ons hulp lê in afsondering *Deut.33:28 So het ~~Israel~~ Yashar’EL dan veilig gaan woon, die bron van Jakob in afsondering, in ‘n land van koring en mos; ja, sy hemel laat dou afdrup.:29 Welgeluksalig is jy, o ~~Israel~~ Yashar’EL! Wie is soos jy? ‘n Volk wat deur ~~die HERE~~ VADER verlos is..., sodat jou vyande julle al kruipende aan jou onderwerp; maar jy sal op hulle hoogtes stap.*
Bedink dit